Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

1 April 2019

JAN H. MARAISPRYS 2019: PERSVERKLARING

Die Jan H Maraisprys vir 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal word vanjaar toegeken aan die historikus prof. **Fransjohan Pretorius** van Pretoria. Die prysgeld van 'n halfmiljoen Rand as erkenning vir sy lewenstaak ten bate van akademiese Afrikaans sal op 29 Mei 2019 by 'n funksie op Stellenbosch aan hom oorhandig word.

Hierdie besluit is vanmiddag bekend gemaak deur die voorsitter van die keurkomitee, prof. Andreas van Wyk, oud-rektor van die Universiteit Stellenbosch.

Prof. Pretorius, een van Suid-Afrika se bekendste historici, is in 1949 in Johannesburg gebore. Hy is 'n oud-Tukkie wat nagraads verder aan die Rijksuniversiteit Leiden in Nederland studeer en sy doktorsgraad in 1989 aan UNISA behaal het. Hy het sy loopbaan as akademikus begin aan sy *alma mater*, waarheen hy in 2014 teruggekeer het na twaalf jaar in die departement Geskiedenis van UNISA. Aan die einde van Junie 2014 het hy met amptelike pensioen by die Universiteit van Pretoria uitgetree.

Fransjohan Pretorius het oor die afgelope 45 jaar honderde publikasies geskryf, van wetenskaplike artikels tot bydraes in koerante. Hy tree ook gereeld in radioprogramme op. Sy werk oor kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog word internasionaal erken as een van die belangrikste ondersoeke na daardie pynlike tydperk van ons land se geskiedenis. “*Verskroeide Aarde*”, die ryk geïllustreerde boek wat daarop gebaseer is en ook in Engels verskyn het, het breë aandag getrek. Hy word wêreldwyd as 'n deskundige oor daardie laaste fase van Britse imperiale uitbreiding erken.

Vir sy werk is prof. Pretorius deur die Nasionale Navorsingstigting as 'n B1-navorser gegradeer, d w s as 'n navorser wat internasionale erkenning geniet en beskou word as 'n vooraanstaande internasionale kenner van die gebied. In 1998 het hy die Stalsprys vir Historiese Wetenskappe van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang en in 2001 'n prestigeprys van die FAK.

“Fanjan” Pretorius is getroud met Laurette, afgetrede professor in Rekenaarwetenskap aan UNISA se skool vir Nagraadse Studie. Die egpaar het 'n dogter en twee seuns.

Die jaarlikse Jan H. Maraisprys is in 2015 geskep deur 'n besluit van Het Jan Marais Nationale Fonds, Naspers en die Universiteit Stellenbosch. Al drie instellings het hulle ontstaan te danke aan die versiende steun van Johannes Henoch Marais (1860-1915) van Stellenbosch wat saam met sy broers in die 1870’s hulle fortuin op die Kimberleyse Diamantveld gemaak het. Jannie Marais was 'n groot ondersteuner van Afrikaans as 'n akademiese en literêre taal.

Die prys vir 'n lewensbydrae tot akademiese Afrikaans word geadministreer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die keurkomitee van vooraan-staande akademici uit verskillende dissiplines het vanjaar bestaan uit proff. Andreas van Wyk (Stellenbosch), Albert Grundlingh (Stellenbosch), Christof Heyns (Pretoria en Genève), Debra Meyer (Johannesburg), Piet Steyn (Stellenbosch) en dr. Johan van Zyl (vroeër van SANLAM).

Kontak:

Prof Andreas van Wyk: +27 828093113; ahvw@sun.ac.za
Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns: dr. Dioné Prinsloo: +27 82 464 6953; dprinsloo@akademie.co.za